SPIRITUELE TEMPERAMENT INVENTARIS*

Wanneer u die volgende stellings lees omkring die getal, wat die *naaste* aan u gevoelens en denke is. Daar is nie 'n regte of verkeerde antwoord nie, so wees asb. so eerlik as moontlik. Gewoonlik is die eerste antwoord, wat by mens opkom, die mees akkurate een. Indien een deel van die antwoord baie waar is vir u, maar die ander deel onwaar is, moet u asb. iewers in die middel antwoord.

4 = Altyd waar

3 = Baie waar

2 = Soms waar

1 = Min waar

0 = Nooit

1. Om op te staan vir geregtigheid en onreg te beveg help my om nader aan God te voel. Daarom dink ek dis belangrik om te weet wat aangaan rondom aktuele sake en ander aan te moedig dit ook te doen.	4	3	2	1
2. Ek sal dit baie geniet om vir ure lank alleen te sit en te bid.	4	3	2	1
3. Ek voel aan dat dit vir God plesier gee as ek vir ander omgee, bv. Om 'n behoeftige vriend/in te help; om iemand 'n rit ("lift") in my motor te gee of om in die kerk se sopkombuis (Rooi Tou) te werk.	4	3	2	1
4. Ek sal dit geniet om te lees of met iemand te gesels, wat 'n baie intieme verhouding met God het, sodat ek meer kan leer oor hoe om 'n intieme vriendskap met God te hê.	4	3	2	1
5. Ek sal daarvan hou om na 'n werkswinkel te gaan, wat mens leer oor hoe om God te deurdans te aanbid of hoe om Hom tuis deur musiek te prys.	4	3	2	1
6. Ek dink dis krities dat Christene die basiese doktrines (bv. Heidelbergse Kategismus, Dortse Leerreëls) van die Christelike geloof moet bestudeer, terwyl gevoelens en ervarings van God nie sentraal behoort te staan nie.	4	3	2	1
7. Ek voel gewoonlik nader aan God, wanneer ek buite in die natuur is, eerder as om tyd binne-in 'n kerk by Hom te spandeer.	4	3	2	1
8. Ek vind plesier daarin om God te aanbid (*worship*), wanneer ek na 'n pragtige gekleurde glasvenster in die kerk staar, waarop een van Jesus se werke uitgebeeld word.	4	3	2	1
9. Ek sal dit geniet om 'n Christelike-kalender saam met my gesin/familie	4	3	2	1

- Geneem uit Gary Thomas se boek Sacred Pathways & Fraser Venter se insigte.

te volg gedurende ons huisgodsdiens.				
10. Die lyding en boosheid in hierdie wêreld pla my vreeslik baie. Ek voel sterk daaroor dat die apatie (gevoelloosheid) van die meerderheid mense uitgedaag moet word.	4	3	2	1
11. Om God alleen te bid of te lofprys (*worship*) beteken gewoonlik vir my meer as om Hom in 'n groep te aanbid of te prys.	4	3	2	1
12. Om 'n besorgde dienaar van God te wees, wat geloof in aksie omskakel, is vir my baie belangrik.	4	3	2	1
13. Ek voel nader aan God, wanneer Hy my met woorde van liefde aanspreek, asof Hy my beste vriend is.	4	3	2	1
14. God is 'n wonderlike God. Daarom moet ons ons entoesiasme tydens lofprysing (*worship*) in sang uitdruk, eerder as om onbetrokke in die kerkbank te sit en te lyk of ons verveeld is, die kerkblad lees of net passief toekyk hoe ander mense sing.	4	3	2	1
15. Ek koop baie Christelike boeke, omdat ek dit geniet om boeke te lees wat my laat nadink en uitdaag om dieper en wyer oor my geloofslewe na te dink.	4	3	2	1
16. Dit bring vir my groot vreugde om te bid of stil te word by God, wanneer ek by 'n waterstroom sit, buite rondloop of Sy handewerk in die natuur raaksien.	4	3	2	1
17. Wanneer ek 'n pragtige kerk binnestap word my hart lig oor die mooiheid daarvan en voel ek nader aan God. Dit maak my meer passievol oor Hom.	4	3	2	1
18. Die Christengeloof, wat in eeue se goddelike tradisie geklee is, moet altyd die belang van die geheel dien – dit kry voorkeur bo die aanbidding van individue.	4	3	2	1
19. Wanneer ek sien of lees oor iemand wat die bose aanvat of positiewe aksies neem om verkeerdhede (euwels) in die wêreld te beveg, wakker dit my liefde vir God aan.	4	3	2	1
20. Wanneer ek alleen is by God voel ek nader aan Hom, omdat ek dan in stilte op Sy teenwoordigheid kan fokus.	4	3	2	1
21. Ek is nie gelukkig wanneer ek sien dat Christene – wat lief is vir God – verby 'n siek buurman of 'n behoeftige gesin kan stap, sonder om hulle te help nie.	4	3	2	1
22. Ek sal daarvan hou om sonder onderbreking elke dag alleen by Jesus te sit, in sy gesig te staar, na Sy stem te luister of net in die warmte van Sy liefde te sit.	4	3	2	1
23. Ek sal daarvan hou om meer te leer hoe God drome gebruik om sy mense te lei.	4	3	2	1

- Geneem uit Gary Thomas se boek Sacred Pathways & Fraser Venter se insigte.

24. Om die waarheid te ken en jou kop georden te hê deur reg te dink is vir my baie belangrik.	4	3	2	1
25. Dit sal vir my fantasties wees as ons kerk ’n diens langs die Vaaldam of in ’n bos gaan hou – iewers buitekant in God se skepping.	4	3	2	1
26. ’n Ernstige kerkdiens met ’n formele nagmaal is iets wat ek baie sal geniet.	4	3	2	1
27. Dit is vir my baie belangrik om ’n gebedsritueel (reël) te hê, veral omdat dit my en ander gelowiges – met dieselfde gebruik – verbind.	4	3	2	1
28. Dit is krities dat ongeregtigheid en die status quo uitgedaag moet word en dis die Here wat my tot aksie aanvuur, wanneer dit kom by sake soos armoede, prostitusie, slawerny, die toestande by plaaslike skole en die onderdrukking van bejaarde persone.	4	3	2	1
29. Ek sal daarvan hou om te lees oor die kloosterlewe en te leer hoe God sommige mense roep om ’n baie eenvoudige lewe vir Sy glorie te leef.	4	3	2	1
30. Wanneer ek behoeftige persone help ervaar ek God se liefde. Dit maak nie saak of hulle swak, arm, siek of gevange is nie.	4	3	2	1
31. In my hart hunker ek daarna dat God my naaste vriend en mees intieme sielsgenoot moet wees.	4	3	2	1
32. Ek hou daarvan om by die huis of in my motor na lof-musiek (worship musiek) te luister, want amper niks anders bring my so na aan God as om Hom te loof nie.	4	3	2	1
33. My liefde vir God groei, wanneer ek Sy woord oor ’n verlengde tyd bestudeer deur die gebruik van ryke brondokumente (bv. goed gedokumenteerde kommentare – o.a. die Bybel in Praktyk).	4	3	2	1
34. As ek na ’n tuin of meer kon gaan om by God te wees sal dit my baie gelukkig maak.	4	3	2	1
35. Ek wens ek kon die ongelooflike Ou-Testamentiese wyse van lofprysing ervaar. Dit moes baie kleurvol gewees het.	4	3	2	1
36. ’n Kerklike seminaar, wat die betekenis van simboliek en liturgie verduidelik, is iets wat ek sal geniet.	4	3	2	1
37. Ek kan my nie met Christene se tekort aan empatie of hulle onvermoë om op te tree, wanneer hulle ongeregtigheid sien, vereenselwig nie.	4	3	2	1
38. Die idee om ’n paar dae in ’n klooster te spandeer om in stilte te bid en oor die Here na te dink klink heerlik.	4	3	2	1
39. Ek voel of my liefde vir God deurstraal wanneer ek behoeftiges op ’n praktiese manier help deur bv. finansieel te help of om hul huise te herstel.	4	3	2	1

- Geneem uit Gary Thomas se boek Sacred Pathways & Fraser Venter se insigte.

40. Wanneer ek by God is dink ek aan Hom as my Herder, Abba of Vriend.	4	3	2	1
41. Wanneer ek God in die kerk aanbid oorvloei my hart so met liefde vir Hom dat ek net wil opstaan, my hande wil klap of in die lug wil steek.	4	3	2	1
42. Dit sal my interesseer om te luister na ’n bekende spreker, wat oor ’n onderwerp (wat rus op akkurate Bybelse waarhede) praat. Dit sal ook heerlik wees om die praatjie dan met ’n groep ingeligte individue te bespreek.	4	3	2	1
43. Wanneer ek na die skoonheid van God se skepping kyk word my gees verfris, omdat dit inspirerend is om saam met die God in die buitelug te wees.	4	3	2	1
44. Ek is lief daarvoor om in die kerk te wees, waar al my sintuie begin leef. Ek kan amper die majesteit van God ruik, hoor, proe en voel.	4	3	2	1
45. Een van die beste dele van my verhouding met die Here is om Hom op bekende wyses te aanbid volgens die tradisies, wat ek van my kleintyd kan onthou.	4	3	2	1
46. ’n Aanbieding deur Gary Haugen oor “God se hart van regverdigheid: Hoekom gebeur slegte dinge, terwyl goeie mense net toekyk?” is iets wat ek graag sal wil bywoon.	4	3	2	1
47. Om ’n geordende bestaan, wat geestelike dissiplines insluit, te voer is baie belangrik vir my.	4	3	2	1
48. Ek sal daarvan hou om my vaardighede as ’n leke-berader graag wil verbeter, sodat ek beter toegerus is om mense in nood by te staan.	4	3	2	1
49. Wanneer ek tyd by God spandeer hou ek daarvan om oor Sy liefde en goedheid na te dink.	4	3	2	1
50. Om God te loof moet ’n vreugdevolle en jolige ervaring wees!	4	3	2	1
51. Baie van die oomblikke, waarin ek die naaste aan God gevoel het, het gebeur wanneer ek iets nuuts geleer of nagedink het oor ’n belangrike eienskap van Sy Koninkryk.	4	3	2	1
52. Ek sal baie daarvan hou om ’n mooi fliek met die titel “Worshipping God through creation” in die kerk te kyk nie.	4	3	2	1
53. Ek hou van die idee om kuns te gebruik, wanneer ek in my joernaal oor God skryf of aanbid.	4	3	2	1
54. Die geskiedenis van geloof en die eeue oue rituele daarrondom verkwik my siel.	4	3	2	1

- Geneem uit Gary Thomas se boek Sacred Pathways & Fraser Venter se insigte.

Jou spirituele temperament teling

Vul dié vorm in, nadat jy jou spirituele inventaris voltooi het om jou spirituele temperament te bepaal:

															Total	HML
Aktivis	1__	10	__19__	28	__	37	__	46	__						____	____
Kluisenaar	2 __	11	__20__	29	__	38	__	47	__						____	____
Versorger	3 __	12	__21__	30	__	39	__	48	__						____	____
Oordenkend	4 __	13	__22__	31	__	40	__	49	__						____	____
Entoesias	5 __	14	__23__	32	__	41	__	50	__						____	____
Intellektueel	6 __	15	__19__	33	__	42	__	51	__						____	____
Naturis	7 __	16	__19__	34	__	43	__	52	__						____	____
Waarnemer	8 __	17	__19__	35	__	44	__	53	__						____	____
Tradisionalis	9 __	18	__19__	36	__	45	__	54	__						____	____

Kyk nou na u tellings. Skryf ’n ‘H’ (vir Hoog) by die areas waar u tellings van tussen 18 en 24 het. Dít is u sterkste of *mees passievolle* spirituele temperamente. Hoeveel *passievolle* geestelike temperamente het u? _____

Skryf ’n ‘G’ (vir Gemiddeld) by al die areas wat tussen 12 en 17 val. Dit is u gemiddelde of *genotvolle* spirituele temperamente. Hoeveel *genotvolle* geestelike temperamente het u? _____

Skryf ’n “L” (vir Lae) by die plekke waar u telling tussen 0 en 11 val. Dié is u mees onderontwikkelde spirituele temperamente, wat die meeste *potensiaal* inhou. Hoeveel *potensiële* spirituele temperamente het u? _____

- Geneem uit Gary Thomas se boek Sacred Pathways & Fraser Venter se insigte.